Maandag

Gal. 6: 1 – 10; 5: 13 15, 18, 22 – 24; Rom. 8: 1,2.Teks Gal. 6: 2, 5 : “Dra mekaar se laste, en vervul so die wet van Christus, ... want elkeen moet sy eie las dra. Tema Christus laat ons mekaar só reghelp dat elkeen homself weer kan help. Wat doen ek met ‘n geliefde wat deur sonde oorval word? My man, vrou, verloofde, my ouer of kind! Die evangelie verbind ons aan ‘n spesifieke verantwoordelikheid teenoor mede-gelowiges wat deur sonde oorval word: om aan hulle goed te doen terwyl ons die geleentheid het. (6:10) In ons verhoudings, huwelike en gesinne word geliefdes baie keer deur een of ander sonde oorval. Paulus het hierdie sondes waardeur geliefdes oorval word net ‘n paar verse vroeër in Gal.5: 19 beskryf as: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloesie, woede, selfsug, tweespalt, skeuring, afguns, dronkenskap en gefuif. Die verantwoordelikheid waartoe Jesus Christus ons verbind is om so iemand in ‘n gees van sagmoedigheid reg te help terwyl ons nie self in versoeking kom deur ons reghelppoging nie. Ons moet reghelp sonder om versoek te word in ons reghelppoging. Ons moet só reghelp dat die persoon weer hom – of haarself weer kan help. Die wyse waarop ons mekaar sagmoedig moet reghelp is om mekaar se laste te dra volgens die wet van Christus terwyl elkeen sy eie las moet dra. Op die oog af lyk Paulus se oproep om mekaar se laste te dra direk in stryd met wat hy 2 verse verder stel dat elkeen sy eie las moet dra. Reghelp deur mekaar se laste te dra sodat elkeen sy eie las dra! Dit is een van die moeilikste situasies binne liefde – wanneer die persoon wat jy liefhet deur sonde oorval word. Want dit plaas jou binne die posisie om te moet reghelp en net hierdie posisie alleen is insig self al ‘n versoeking. Want nou moet jy teenoor die persoon wat jy net wou liefhê ‘n posisie inneem om reg te help. ‘n Man wat deur sonde oorval word moet nou deur sy vrou reggehelp word en net so moet ‘n man nou sy vrou wat deur sonde oorval word reghelp. ‘n Ouer wat deur sonde oorval word moet nou deur ‘n kind reggehelp word en kinders wat deur sonde oorval word moet nou kinders reghelp met die sonde waardeur hulle oorval is. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Gal. 6: 1 – 10; 5: 13 15, 18, 22 – 24; Rom. 8: 1,2.Teks Gal. 6: 2, 5 : “Dra mekaar se laste, en vervul so die wet van Christus, ... want elkeen moet sy eie las dra. Tema Christus laat ons mekaar só reghelp dat elkeen homself weer kan help. Hoekom is dit so moeilik om ’n geliefde wat in sonde geval het reg te help? Want sonde plaas geliefdes in die verhouding van slagter en slagoffers! Om deur ‘n sonde oorval te word is ‘n slagting van en tussen geliefdes! Om deur sonde oorval te word, maak die mense wat in sonde val slagters. Om deur sedeloosheid oorval te word beteken dat jy doelbewus jou band met jou geliefdes losmaak om vry te wees in jou sonde. Sedeloosheid is om jou verbintenis met jou man, vrou, kind en ouer te breek om eiemagtig te kan doen wat jy wil. Losbandigheid slag getrouheid tussen geliefdes. Losbandigheid is die disassosiasie waarin jou vrou en man nie meer jou vrou en man nie, jou kinders nie meer jou kinders nie en jou ouers nie meer jou ouers is nie, sodat jy die intimiteit met jou geliefdes ander as innigheid kan beleef. Met vyandskap en woede slag jy jou geliefdes as jou vriende omdat jy teenoor hulle wat die naaste is aan jou jou onmag en wrokkigheid wil laat geld. Met selfsug en afguns slag jy die verhoudings waarin jou geliefdes ondersteuning moet kry omdat jy hulle in jou mag wil isoleer. Met dronkenskap en gefuif verkwis jy, slag en verniel jy die geleenthede, geld en tyd waarmee jy en jou geliefdes mekaar kon geniet en die lewe met mekaar kon gedeel het. Sonde is die mag waarmee mense hulle geliefdes en liefde slag.

Maar sonde maak ook dat die slagters hulself as slagoffers uitmaak. Hulle stel hulself met selfminagting, selfbeskuldiging, selfhaat en selfbeoordeling voor hul geliefdes sodat hulle geslag kan word as offer vir hul sondes met hulle aanklagte, verwyte, veroordelings en verwerping. So maak hulle wat in sonde verval hulself weer slagoffers en hul geliefdes slagters. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag
Gal. 6: 1 – 10; 5: 13 15, 18, 22 – 24; Rom. 8: 1,2.Teks Gal. 6: 2, 5 : “Dra mekaar se laste, en vervul so die wet van Christus, ... want elkeen moet sy eie las dra. Tema Christus laat ons mekaar só reghelp dat elkeen homself weer kan help. Hoe dra jy die laste van die een wat jou slagter is, jou man, vrou ouers of kind? Die mees algemene wyse waarop ons dit doen, is om mekaar se slagoffers te speel. Jy dra dan die geweld wat jou aangedoen word asof dit jou plig is. Dit is gewoonlik die eis wat van die slagter aan geliefdes gestel word – omdat julle my as man, vrou, kind of ouers liefhet moet julle my geweld teen julle aanvaar. Geweld word aanvaar deur die regverdiging dat jy ook net so in sonde verval is as die een wat deur sonde oorval is of nog erger, dat dit jou skuld is dat jy geslag word met die sonde van ‘n pa, ma, kind, man of vrou. Só moet kinders aanvaar hulle maak dat ouers drink, ouers moet aanvaar hulle maak dat die kinders ongehoorsaam is en mans en vrouens moet aanvaar hulle maak dat hul eggenoot losbandig is. Die ander manier waarop jy ‘n persoon se las moet dra wat in sonde verval het, is om hom die slagoffer van sy eie sonde te maak. Dan moet jy die persoon met verwyte, beskuldigings, veroordelings en beledigings slag sodat hy kan voel hy het die offer vir sy sonde gebring. So moet geliefdes hom die slagoffer vir sy sonde maak. Mense dra mekaar se laste deur die magspel van slagter en slagoffer met mekaar te speel. Só probeer hulle mekaar reghelp as een deur sonde oorval word – jy moet my geweld aanvaar omdat jy my lief het en ek moet medeskuld aan jou sondes aanvaar omdat jy my liefhet of jy moet die sonde regmaak deur die geliefde te slag vir sy sonde. Hierdie magspel is nie wat Paulus nie “ dra mekaar se laste nie”. Hierdie magspel het hy in Gal: 5:15 beskryf as “ julle byt en verskeur mekaar.”  Om slagter – slagoffer te speel, is nie hoe ons mekaar reghelp nie maar ‘n magspel waarin ouers en kinders en mans en vrouens mekaar heeltemal verorber. Mekaar se las dra gaan nie oor slagter – slagoffer speel nie, maar oor ons vervulling van die wet van Christus. Dit is deur ons verbintenis aan die wet van Christus dat ons mekaar se laste dra. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag
Gal. 6: 1 – 10; 5: 13 15, 18, 22 – 24; Rom. 8: 1,2.Teks Gal. 6: 2, 5 : “Dra mekaar se laste, en vervul so die wet van Christus, ... want elkeen moet sy eie las dra. Tema Christus laat ons mekaar só reghelp dat elkeen homself weer kan help. Daar is ‘n groot verskil tussen die wet van Christus en die wet. Rom. 8:2 Die wet is altyd liefde volgens die Tien Gebooie. Jesus het nie die wet en liede kom skei sodat ons nou kamstig net liefhet sonder die wet nie. Die onderskeid gaan oor die wet sonder Christus en die wet van Christus. Die wet sonder Christus is waar God jou slag vir jou sondes: Hy veroordeel, beskuldig en kla jou volgens die wet aan en jou moet vir jou sondes gestraf word. Christus se wet is waar die Here jou lei met die wet terwyl Hy geslag was vir al jou sondes. Met die wet, die Tien Gebooie waarmee Christus jou lei kan en sal Hy nooit weer vir jou sondes veroordeel, aangekla en gestraf word nie, maar kan jy altyd aanspreeklik teenoor God leef volgens sy wet. Die Gees lei

ons om in en uit hierdie geloof te leef: net God het geslag en net Christus was geslag – niemand anders nie. Ons luister daarom na God se wet om uit sy liefde verantwoordelik en aanspreeklik te bly leef sonder skuld, straf en oordeel. In hierdie geloof dat Christus as die Geslagte Een vir ons sondes ons met sy wet lei, kan ons ooit weer die magspel van slagter en slagoffer teenoor mekaar opneem as een van ons deur sonde oorval word nie. Want Christus is die enigste offer vir sonde en God die Vader is die enigste een wat sy Seun opoffer vir sondes. Ons 'n geliefde wat deur sonde oorval word nie vir sonde beskuldig, aankla, veroordeel en verwerp nie, want ons glo dat hulle in Christus nooit weer skuldig, veroordeeld of aangeklaagd kan wees vir sonde nie. Hy is die enigste offer vir die sondes waarin ons geliefdes verval. Nog minder kan ons aanvaar dat ons geliefdes ons kan verplig om die slagoffer vir hulle sondes te wees. Ons kan nooit hulle sondes aanvaar asof ons liefde vir hulle ons daartoe verplig nie. Omdat Christus die enigste offer vir sonde is, kan ons nie die slagoffer speel vir ander se sondes nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag
Gal. 6: 1 – 10; 5: 13 15, 18, 22 – 24; Rom. 8: 1,2.Teks Gal. 6: 2, 5 : "Dra mekaar se laste, en vervul so die wet van Christus, ... want elkeen moet sy eie las dra. Hoe help ons mekaar só reg? Ons dra vir die geliefde wat deur sonde oorval is die las van sy sonde, deur vir hom of haar te glo dat hulle nie voor God veroordeel, skuldig, strafbaar en verworpe staan nie omdat Christus hulle offer is. Ons dra vir ons geliefde die las dat ons hulle sonde as sonde aanvaar waarvoor die Vader sy Seun geoffer het, en nie deur hulle sonde as ons las te dra nie. Ons dra vir ons geliefde die las ons steeds vir hulle volgens God se wet te wees wat ons moet wees, deur al die verlies en vernieling wat hulle sonde ons aangedoen het. Só help ons mekaar reg! Hoe so? Want deur hulle wat deur sonde oorval is so te dra kan hulle hul eie las opneem! Hulle kan dan ook weer self glo dat hulle nie as slagoffers vir hulle sondes behandel moet word nie omdat hulle vir hul sonde nie veroordeel, skuldig of aangekla voor God staan nie. Hulle kan nog minder hulle self regverdig in die sonde wat hulle teenoor hulle geliefdes gedoen het, deur hulle te dwing om met liefde hul geweld te aanvaar. Hulle kan dan net soos ons ons plig teenoor hulle opneem weer hulle eie plig teenoor hulle geliefdes volgens God se wet opneem. Hulle kan weer hulle eie las so opneem omdat ons hulle las so dra! So help gelowiges mekaar in 'n gees van sagmoedigheid reg! En so verval ons nie in die versoeking om mekaar reg te kry nie. Reghelp uit die geloof in Christus en volgens Christus se wet is nie dieselfde as om mekaar reg te kry nie. Mense kry mekaar reg met die wet buite en sonder Christus. Hierdie wet maak van die wat die wet reg doen, die gidse, lig, onderwysers, leermeesters, mentors, voorbeelde rolmodelle en spirituele leiers en hulle wat verkeerd gedoen het blindes, mense in duisternis, kleintjies, onkundiges, mentees, nabootsers, afbeeldings en volgelinge. (Rom. 2: 17 – 22) Dit is die versoeking waarvoor geliefdes gestel word, wanneer hulle die een wat deur sonde oorval is moet reg help: om die hulp van reghelp in die geloof na die mag van regkry volgens die wet te verander. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus